TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: ...ABERDEEN..... **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.

2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.

3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.

4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
   [Merk al die blokkies wat van toepassing is]
   - ☒ Kerkraad
   - ☒ Wyke
   - ☐ Kleingroepe
   - ☒ Lidmate: byeenkoms
   - ☒ Lidmate: individueel
   - ☐ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☒ Ja
   - ☐ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

DIE VOLGENDE KONSULTASIEPROSES IS IN HIERDIE GEMEENTE GEVOLG:

(a) 'N KONSULTASIEBRIEF IS AAN ELKE OUDERLING OORHANDIG VIR GESPREK IN WYKE EN SKRIFTELIKE TERUGVOERING. GEBREKKIGE TERUGVOERING IS ONTVANG. OOR DIE ALGEMEEN WAS OUDERLINGE VAN OORDEEL DAT HUL NIE BEVOEG IS OM DIE GESPREKKE IN WYKE TE FASILITEER NIE. ER IS NIE BEWUS VAN EEN WYK WAT ONBEVANGE SKRIFTELIKE KOMMENTAAR GELEWER HET NIE.

(b) BY GEBREK AAN SKYNBARE VRYWILLIGE

GESPREKSLEIERS OM DIE PROSES IN KLEIN GROEPE TE FASILITEER IS. BESLUIT OM DR SCHALK DU TOIT VAN MURRAYSBURG TE GEBRUIK OM IN N GEMEENTEVERGADERING DIE GESPREKKE OOR DIE VOORSTELLE TE FASILITEER. BY HIERDIE GELEENTHEID WAS DAAR REDELIKE DEELNAME EN STANDPUNT-INNAME. IN HIERDIE VERSLAG WORD HOOFSAAKLIK DAARDIE MENINGS WEER-GEGEE, AANGESIEN DAAR WEINIG ANDER SUBSTANTIEWE VOORSTELLE UIT DIE KONSULTASIEPROSES NA VORE GEKOM HET.

Nuwe/ ander voorstelle?

DAAR IS SLEGS GEKONSENTREER OP DIE WENSLIKHEID VAN N NUWE KERKVER-BAND, ALDAN NIE, EN NIE OP DIE BELYDENISGRONDSLAG DAARVAN NIE. DIE KONFESSIONELE BASIS VAN N NUWE KERK IS AS IRRELEVANT GESIEN EN KERKHERENIGING AS ONREALISTIES EN ONNODIG.
DIE BELHARBELYDENIS IS BESKRYF AS N POLITIES GELAAIDE DOKUMENT WAT BESLIS NIE AS N VIERDE BELYDENIS-SKRIF VERSOENINGKAN BEWERKSTELLIG NIE. DIE BELHAR BELYDENIS HOU HOM BESIG MET IDEOLOGIESE DENKE EN. DIE BEVORDERING VAN. DIE BEVRYDINGS TEOLOGIE EN KAN NIE N INTEGRALE DEEL VAN DIE BELYDENISGRONDSLAG WEES NIE.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

HIER IS GEURA DAT DIE STATUS QUO BEHOU WORD. STRUKTURELE EENHEID IS NIE 'N VEREISTE VIR TEN VOLLE KERK VAN GOD WEES NIE. DIEGENE WAT BY DOGTERKERKE BETROKKE WIL RAAK IS VRY OM SO TE DOEN EN ANDERSOM WANT DIE NGK IS REEDS LANKAL OOP. APARTE KERKE (GEMEENTES) KAN HUL GEESTELIKE GOEDERE TEN BESTE KOESTER BINNE 'N KULTURELE, TAAL EN TRADI-SIONELE OMGEWING. WAARMEE GEMEENTE-LEDE GEMAKLIK IS. DIE STANDPUNT WAS DAN 'N OOK DAT BAIE GEMEENTELEDE VAN DIE UGK IN ABERDEEN IN ELK GEVAL NIE GEMAKLIK IS MET DIE

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

GODSDIENS AAN BIEDING EN INKLEDING VAN NGK EREDIENSTE NIE. DAAR WAS OOK N MENING DAT SEKERE ALGEMENE SINODES BESLUITE NIE DEURLOPEND IN DIE GEMEENTES VER-DUIDELIK EN INLIGTING VERSKAF IS, NIE. SOMS IS OP N AD HOC BASIS GEKOMMUNIKEER. BESLUITE RONDOM KERKHERENIGING IS NIE GEKOORDINEERD AAN GEMEENTES DEURGEGEE NIE N BEGRIP SOOS DIE GEREFORMEERDE SINODAAL - PRESBITERIALE VERBAND VAN GEMEENTES IN N NUWE KERK-VERBAND VAL STEEDS UREEMD OP. ONBE~~KEND~~ KEND MAAR ONBEMIND EN DIT HET WAN PERSEPSIES TOT GEVOLG.

Nuwe/ ander voorstelle?

DAAR IS WEL LIDMATE WAT DIT EENS IS MET DIE KERKHERENIGINGS-PROSES EN DIT HEELHARTIGLIK ONDER-STEUN. DIEGENE SE MENING IS DAT KERKHERENIGING MET DIE ANDER 3. DOGTERKERKE NIE NET GEWENS IS NIE, MAAR TEWENS OOK N NOODSAAK-LIKE GELOOFSDAAD. HIERDIE MENING BLYK EGTER N MINDERHEIDSTAND-PUNT TE WEES.

AANGEHEG VIND U OOK 2 SKRIFTELIKE VOORLEGGINGS VAN LIDMATE OOR HIERDIE PROSES.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

DAAR WAS GEEN GESPREKKE HIEROOR NIE

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

DAAR WAS GEEN GESPREKKE HIEROOR NIE

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

GEEN MENING

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055